

Donderdag 5 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 3:6-15

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 3:10 (AFR83/2020)

Wie nie wil werk nie, minag God se versorging

Uit ons teks blyk dit duidelik dat daar lidmate in die gemeente van Tessalonika was wat geweier het om langer te werk. Hulle was oortuig dat die Here Jesus se wederkoms sommer baie naby was en dat dit dus nie meer sin gemaak het om te werk nie.

Hiervan wou die hardwerkende apostel natuurlik niks weet nie! Dit was mos pure laksheid! Sondige onverskilligheid! In stryd met God se gebod! Lynreg teen die grein van die evangelie! Daarom herinner Paulus hierdie leeglêers aan die goue beginsel wat hy tydens 'n vroeëre besoek benadruk het: Geen werk, geen brood! As jy nie wil werk nie, sal jy eenvoudig nie eet nie!

Die situasie herinner ons aan Salomo se vraag: *“Hoe lank gaan jy nog lê, luiwaard? Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou en bly lê, en daar oorval die armoede jou soos 'n rower, daar oorrompel die gebrek jou soos 'n inbreker”* (vs 9-11).

Op die sesde skeppingsdag het God die mens gemaak om Hom te dien en te verheerlik deur sy getroue verteenwoordigers en beelddraers te wees. Ons God is 'n aktiewe en werkende God! In Johannes 5:17 sê die Here Jesus: *“My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.”* Dit beteken dat ons dieselfde sal doen. Elkeen van ons is tog deur die Heilige Gees bekwaam en toegerus om ons Godgegewe roeping uit te leef.

Mag ons 'n vreugde vind in ons werk in kerk en Koninkryk. Mag die Here ons ryklik seën om die soete vrug daarvan nou al te geniet. Mag ons veral uitsien na die vrug van die heerlike verlossingswerk van Christus en die troosryke herskeppingswerk van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 128-1:1

Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)